5 September 2021

# BATZ (Graad 4 – 6)

**Tuis: Klets-Klas**





## Jakobus 2:1-17

wat wil ons vandag **bereik?**

**God behandel almal mooi, so ons doen dit ook. Dit maak nie saak hoe hulle vir ons lyk nie.**

ons **storie:** waar is ons nou?)

Het iemand jou al lelik behandel net omdat jy 'n kind is? Hoe het dit gevoel?

Het iemand al mooi en ordentlik met jou gepraat? Hoe het dit gevoel?

Wat sal gebeur as ons net die mense wat vir ons "reg" lyk, mooi behandel? Wat sal gebeur as almal vir almal mooi behandel?

**GOD** se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Jakobus 2:1-17**

**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

**<u>1. Ons eie storie</u>**

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

**<u>2. God se storie</u>**

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

**3. Ons nuwe storie**

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

**<u>Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd</u>**

Julle kan "dress-up" speel. Doen dit by die huis met tuiskategese. Trek 'n "grand" kledingstuk aan en maak of jy belangrik is. Of trek 'n ouer, stukkende kledingstuk aan en maak asof jy onbelangrik is.

Maak beurte.



## **gesels** dan oor die volgende saam

- Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink?
- Wat het jy gedink van die mense se klere? Hoekom het die mense met die mooi klere die goeie sitplekke gekry?
- Wat dink Jakobus van die mense wat vir die met die mooi klere beter behandeling gegee het?
- Vertel vir mekaar Jakobus 2 se verse in drie sinne.

## ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe laat Jakobus 2 jou anders kyk na mense?

Is daar iemand waaraan jy kan dink, wat jy dalk nou anders sou wou hanteer as voorheen? Iemand met wie jy mooier sal wil praat?

Wat sal gebeur as ons skielik al die "minder belangrike mense" se woorde ernstig opneem?

## **bid** vir mekaar

Dank God vir geloof.

Bid dat ons geloof en ons optrede by mekaar sal pas.

Bid dat God ons sal wys waar ons mense nie reg behandel nie.

## **na** die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

